VOORWOORD

Helderberg Uitreik laat my oor hierdie jaar onwillekeurig dink aan ‘n paar reëls uit “Outrageous Grace” van Godfrey Birtill wat ons ook soms sing:

“There’s a lot of pain but a lot more healing
There’s a lot of trouble but a lot more peace
There’s a lot of hate but a lot more loving
There’s a lot of sin but a lot more grace”

Lees saam met my hierdie verslag en verstaan my dankbaarheid dat ek ook ‘n getuie mag wees van die waarheid van hierdie woorde. Dankie dat julle by die voete van God die Vader, Jesus Sy seun gaan sit en na die Heilige Gees luister om hierdie en ook ander dinge te gaan doen en so die Evangelie te gaan leef.

Ons is vandag in ‘n wêreld met pyn, moeilikhede, uitdagings, haat en sonde. Ons beleef dit. Ek dink as voorbeeld aan haweloses, werkloses, kinders met drank- en dwelm-uitdagings, mense met fisiese en geestelike gebreke en letsels en bedelaars. Daar is haat in zenofobie, die *#feesmustfall* veldtog, ons parlement en wanneer die bomme ontplof. Die droogte en die Nepal aardbewings, die onsekerhede van die finansiële wêreld bied uitdagings.

Ten spyte hiervan sien ek kos en drinkgoed wat uitgedeel word aan mense in nood. Ek sien mense wat ‘n slaapplek gegee word. Ek sien kinders wat opgewonde kan leer lees en syfers kan verstaan. Ek sien mense wat geleer word om vir hulleself en hulle families te kan sorg, sport afrigters wat ondersteun word, afwesige pa’s wat weer hulle plek in die gesin volstaan. Ek sien mense in Mosambiek, Indië, Bulgarye en oor die wêreld heen wat genesing, vrede, liefde en genade ontvang. Dankie Uitreikers vir julle gebede, toewyding, werk, hulp, insette, energie, geld..... en so kan ek aangaan.

Helderberg Uitreik het 1 projek geregistreer en 1 projek gesluit. Nobuntu Matholeni is by die Desmond Tutu Stigting betrokke en dankie ook vir die “Hoop in Aksie” span wat as gevolg hiervan die projek gesluit het. Kobus Eksteen het uit ons diens getree en dankie

vir jou en Nana se waardevolle bydrae. Welkom aan die 4-lines projek en julle span en ons nuwe personeellid Amanda de Villiers by Uyavula. Ons was bevoorreg om die Lewende Waterprojek by Vryheid Gemeente te ondersteun met hulp met lopende water aan die hospitaal en aftree-oord. Helderberg Uitreik is uitsonderlik geseën met finansies om te kan dien en dankie aan ons finansiële ondersteuners.

Ons personeel, projekleiers, projekspanne, bestuur en al ons ondersteuners het pyn, uitdagings, haat en sonde beleef. Dankie dat ek die Uitreik jaarverslag saam met julle kan deurgaan en besef, ten spyte hiervan is daar werklik meer genesing, vrede, liefde en genade uitgedeel.

Dankie aan God ons Vader.

Kotzé van Wyk

VOORSITTER

30 Mei 2016

Helderberg Uitreikbestuur lewer graag verslag oor die jaar 1 Maart 2015 tot 28 Februarie 2016

Visie: Mobilisering van Draers van Christus se Hoop na ’n wêreld in nood. #passiontoaction

Missie
‘n Organisasie, gebou op Bybelse waardes, wat mense mobiliseer om draers te wees van Christus se hoop na mense en ‘n wêreld in fisieke, emosionele en geestelike nood om sodoende die Koninkryk uit te brei.

Hoofdoel
Om God en die breë gemeenskap te dien deur uit te reik na mense en ‘n wêreld in nood.

Strategie
Helderberg Uitreik is ’n Organisasie Sonder Winsoogmerk, NPO 032-078. Lidmate van Helderberg Gemeente en NG Gemeente Somerset-Wes met ’n passie vir ’n saak kan ’n projek by Helderberg Uitreik registreer.
Die organisasie staan onder leiding van ’n verkose bestuur. Die projekte word elk deur ’n projekspan bestuur. Projekspanlede is vrywillige medewerkers wat ’n hart het vir die spesifieke projek wat hulle bestuur.
Die finansiering van die projekte is deur geloofoffers, geloofsvennote, donateurs en fondsinsamelings

Uitreikbestuur

Kotzé van Wyk	Voorsitter
Johan van Niekerk	NG Gemeente Somerset-Wes
Emil Krugmann	
Ria Erlank	
Johan van der Spuy	
Danie Möller	Uitreikleraar
Louise Theron	Uitreikbestuurder

Tydens die verkiesing by die Algemene Jaarvergadering op 3 Junie 2015 is Kotzé van Wyk en Johan Van der Spuy as bestuurslede verkies.

Personeel

Personeellede uitdiens getree:
Nobuntu Matholeni
Kobus Eksteen

Nuwe Personeellede aangestel:
Amanda de Villiers

Vennootskappe
Kimon - Nederland
Helderberg Uitreik is dankbaar om ’n ooreenkoms met Kimon voor te sit wat vrywillige medewerkers van Nederland mobiliseer. Frederike Van Schalkwyk is tans voltyds as vrywillige medewerker by die Pêrelprojek en Lea Luiten by Kinderevangelisasie. Annelie de Rover en Jessica de Vries was ook vir ’n tydperk van 4 maande en 7 maande onderskeidelik vrywilligers by Helderberg Uitreik.

Hoornbeeck College, Kampen Nederland
Helderberg Uitreik se vennootskap met die Hoornbeeck College in Nederland verloop steeds suksesvol en 4 studente kon die afgelope jaar by Helderberg Uitreik as praktyk-vennoot hulle praktykopleiding voltooi.

Mergon Foundation
Die vennootskap met die Mergon Foundation as befondser van Koninkryk-uitbreidings-inisiatiewe is ’n wonderlike ondersteuning vir die projekte wat aktief hiermee besig is. Helderberg Uitreik loof die Here vir hierdie wonderlike gawe.

Frans Dreyer Liefdadigheids Trust
Die Uitreikbestuur is baie dankbaar vir die vennootskap met die Frans Dreyer Liefdadigheids Trust wat vier van ons projekte, nl Helderberg Ontwiikkelingsentrum, Hemel-op-Aarde projek, Pêrel Gemeenskapsontwikkelingsprojek en Kinderevangelisasie finansieel ondersteun. Hierdie ondersteuning is deurslaggewend vir die volhoubaarheid van die projekte.

Projekte

Die volgende projekte van Helderberg Uitreik het die afgelope jaar aktief funksioneer.

4-lines
Dienssentrum
Projek vir Gestremdhede
Bybelverspreiding
Annalise Wiid
KidsXpress
Kinderevangelisasie
Ontwikkelingsentrum
Pêrel Projek
Hemel-op-Aarde
Stop'it!
Bulgarye
Indië 22˚ Noord
Indië- Chris Miles
Sir Lowry's Pass
Projek vir Haweloses
Seniorsorg
Merweville Skoolprojek
Internasionale Studente
Cence
Klein Karoo Kersfees Bokse
MIV/VIGS
Phambili
Uyavula
Hoop in Aksie
Mosambiek Landbou
Mosambiek Rentmeester
Mosambiek Geletterdheid
Mosambiek Medies
Mosambiek Evangelisasie

Projekte gedurende die afgelope jaar afgesluit.
Hoop in Aksie

Nuwe projek:
4-Lines

Helderberg Uitreik het 'n wonderlike geseënde jaar beleef op verskeie terreine.

Hier volg 'n opsomming van die jaar se hoogtepunte

Korttermyn Uitreike

Kortuitreike is ’n wonderlike manier om mense te mobiliseer. Die volgende kortuitreike is die afgelope jaar onderneem.

Indië 22°Noord

Hierdie span het ’n uitreik na Indië onderneem in Maart/April 2015 waar hulle diensbaar was by die Varanasi Care Centre asook by Sahodar Nepal in Nepal. Die uitreik was baie geseënd en die span het baie hard gewerk en hulle voorbeeld het gespreek van diens-baarheid en ‘n Christus-gesindheid.

Bulgarye

’n Span van 4 lede het in Julie/Augustus 2015 die jaarlikse somerkamp van die Lora Foundation in samewering met Jack en Elsabé Louw meegemaak.
Hulle kon saam met ander vrywilligers die kampprogram aanbied en in die kinders se lewens inbou. Aan die einde van dié kamp, waar hulle deur die owerhede verbied is om die Evangelie met die kinders te deel, het ’n jong dogter tot bekering gekom bloot net deur die voorbeeld wat aan haar gestel is.

Mosambiek Evangelisasie

’n Afvaardiging van Mosambiek Evangelisasie projek het die IRM Dagbestuur besoek om die toekoms van die projek en die uitstuur van plaaslike sendelinge vanuit die IRM te bespreek. Die besoek was suksesvol.

Mosambiek Landbou

Projekleier Deon van der Vyver het die DECA plaas en die IRM Landbou komitee besoek om evaluering te doen van die huidige boerdery bedrywighede en beplanning vorentoe.

4-Lines Rusland

Gedurende Julie 2015 het ’n groepie van 4 rugby afrigters ‘n uitreik in die Suide van Rusland gedoen. Ons is oortuig dat God besig is om ‘n storie te skryf in die lewens van die mense van dié streek. Ons kon wees, afrig en liefhê en ook verder bou aan verhoudings met individue wat ek reeds op my vorige besoek ontmoet het.
Elke afrigter het ‘n Russiese (Christen) tolk gekry, en een van die

getuienisse was hoe wonderlik dit was om te sien dat elke afrigter en sy tolk ‘n noue geestelike en fisiese band vorm, en dat die Vader elke span van twee met die hand uitgekies het.
Na afloop van ons besoek was een van die vrae in my gemoed, tot hoe ‘n mate ons besoek daar kon help om die evangelie te verkondig en die plaalike bedienings te ondersteun.
Ivan (die koördineerder) se antwoord hierop: “There are new believers because of Kostja’s discipleship work after you left..”
Dank aan God dat Hy ons gewone mense kon gebruik in en tot Sy eer!

Rampverligting

Nepal

Helderberg Uitreik was op versoek en uitnodiging van Sahodar Nepal betrokke by traumaberading, pastorale sorg en speel-terapie met kinders. Die teikengroep was die mense wat gely het onder die aardbewings van 25 April en 12 Mei 2015. Die span van 3 lede het na die mees geaffekteerde area naby die epi-sentrum van die aardbewing gegaan en Christus se liefde met die mense gaan deel.

Droogtehulp in SA

’n Rampfonds is gestig vir droogtetehulp in die droogtegeteisterde gebeide in SA. Helderberg Uitreik se rampfonds, met donasies vanuit Helderberg- en Somerset-Wes Gemeentes kon ondersteuning bied aan die NG Kerk Vryheid (Klipkerk) om boorgate by die hospitaal en tehuis vir bejaardes te sink en ook watertenks aan die gemeenskap van Vryheid te verskaf. Ds Ferdinand van Niekerk lewer soos volg verslag:

- Ons het nog ‘n boorgat kon boor aan die bokant van die dorp en dit toegerus met tenk en pomp.
- Ons het 2 tenks opgesit en toegerus by ons Landbouskool, wat ‘n koshuis het, met hul boorgat wat opgedroog het. Hul probleem is nou opgelos en ons skuif die tenks na plekke waar daar nood is.
- Verder het ons nog 4 tenks van 5000l elk, opgesit en toegerus in die gemeenskap by punte waar daar nood is.
- Die Waterprojek maak dat die kerk geweldige guns in die gemeenskap se oë het en baie kontakte opgebou word.

- Dit het ook gehelp dat ons munisipaliteit wakker geskrik het en orals waterpunte in die dorp opsit agv die leiding wat die kerk kon neem.
- Die liefde van ons Here Jesus Christus het nog meer hande en voete gekry in die gemeenskap.

Weereens DANKIE!!!

Vrede!

Ferdinand en Stephen

Projekte

Die projekte van Helderberg Uitreik se primêre doel is om die Koninkryk van God uit te brei deur verskillende benaderings en strategieë. Dit word verdeel in volgende fokkusse: **Plaaslik, Ontwikkeling, Evangelisasie, Mosambiek- en Buitelandse projekte**

Hoogtepunte van Projekte die afgelope jaar:

Hoogtepunte van Plaaslike projekte

Bybelverspreiding

Hierdie projek kon daarin slaag om in al die behoeftes van die projekte ten opsigte van Bybels te voorsien en kon ook aan individue

en instansies hulp verleen om Bybels te bekom.

Omgeebokse

Bababokse –In 2015 is daar verskeie kere besoek afgelê by die Stellenbosch Provinsiale hospitaal. Skoenbokse en geskenksakke met baba benodigdhede is aan die nuwe moeders uitgedeel. Daar is vir die ma's en hul baba's gebid. Elkeen het hul eie spesifieke behoeftes gehad en die bemoedigende woorde en gebede het vir hulle ongelooflik baie beteken. Ons was ook in die bevoorregte posisie om vir van die moeders te help om name vir hul baba'tjies te kies. Dit was elke keer 'n diep verrykende ervaring om die moeders en hul pragtige baba's te kon besoek.

Kleinkaroo Kersfeesbokse - Die Omgee Kersfees Bokse het aan die einde van 2015 vir die 5de keer kinders in die Klein Karoo se Kersfees opgehelder met meer as 700 geskenke wat deur donateurs opgemaak is. Die bokse is hoofsaaklik opgemaak deur Paul Roos Gimnasium, Helderberg Gemeente en Jan Kriel skool. Na maande se inname van bokse en die kontrolering van die items in elke boks is dit met groot dankbaarheid vervoer deur ATS-vervoer na Ladismith.
'n Kinder-Uitreik-span wat onderleiding van die 15-jarige Projekleier Carli Pretorius, aangevoer is, het vir 3 dae die kinders se harte met vreugde gevul. Die kinders wat die bokse ontvang het, het soos altyd oorstelp met vreugde die bokse ontvang en is die liefde van God in elke boks en briefie wat hul ontvang het sigbaar gewees.

Die Dienssentrum

Die Dienssentrum van die NG Helderberg Uitreik is 'n tasbare bewys aan ons gemeentelede, donateurs en die gemeenskap, van God se voortdurende sorg.
Ons kan getuig dat elke week, gedurende ons oggend oordenking, die totaal van 120 persone bedien word. Dit sluit vrywillige werkers, van die projekspanne wat voedsel kom afhaal en lede van gesinne wat versorg word in. Dit is 'n wonderlike ervaring.
Die doelwit van die Dienssentrum is steeds die verskaffing van voedsel, kleding, beddegoed en ook kombuisware aan mense in nood. **Volgens ons jongste statistiek voorsien ons voedsel op 'n daaglikse basis aan 1200 mense**.
Met dankbaarheid aan almal wat deelneem aan ons huidige

kombers-projek, kan ons meld dat ons reeds die volgende instansies kon bederf met handgemaakte kombersies: Zandvliet Tehuis (170), Little Angels S/Wes (14) en die Moorreesburg Kinderhuis (160). Ons beplan om binne die volgende maand ook 150 kombersies na die Steinthal Kinderhuis in Tulbagh te neem. Die kinders se reaksie was deurlopend " Is dit regtig myne, vir altyd en altyd?".
Die Dienssentrum se funksionaliteit steun met groot dankbaarheid op ons vrywillige werkers en ons donateurs. **PSALM 136:26**
"Loof God, Hy wat in die hemel bly, Sy liefde hou nooit op nie"

Gestremdhede

Hierdie projek ondersteun 3 instansies, nl Aanhouwen, Gloria Bothaskool en Senecio, Ondersteuning wissel van die borg van kinders se skoolgeld en finansiële ondersteuning om bedryfskostes te dra.

Haweloses

Die Somerset West Village Garden is gestig waar haweloses tuin maak om groete te verskaf vir die sopkombuis.
Hulp en ondersteuning by Bright Lights, die Nagskuiling, Sopkombuis en Tereoskool bring groot verligting aan die instansies.

Seniorsorg

Seniorsorg het 'n baie geseënde jaar beleef. Die span bestaan uit 9 lede wat baie betrokke is. Ons besoek met n leraar senior lidmate in die gemeente en n geskenkie word aan die 90 jaar en ouer oorhandig. Dit is n baie suksesvolle inisiatief en word deur seniorsorg sowel as die verjaarsdagmensie baie geniet. Huis Zandvliet het n vrag kompos gekry en vrag saagsels vir hullle groente tuin. Nuwe handdoeke is aangekoop vir die 153 inwoners; Huis Esperanza het 26 wit tafeldoeke,15 wit nette en treklakens gekry. 68 borslappe en talle troetelkussings is gemaak vir terapie. Huis Marie Louw het verwarmers, flitsligte, waaiers en noodsaaklike hulpmiddels vir die versorging van die bejaardes aangekoop. Na die opknapping van die personeelkamers van die verpleegpersoneel die vorige jaar, het ons baie goeie terugvoering gekry oor die werksetiek van die personeel.
Om hulle te bedank vir hulle harde werk en toewyding aan die inwoners het ons aan die einde van die jaar 'n geskenkpak met

heerlike koekies aan al 200 personeellede uitgedeel.

Sir Lowry's Pass Projek voed daagliks 150 kinders by die Laerskool Sir Lowry's Pass en sopkombuise, is betrokke by 'n tienerbediening "Young Ones" en het ook 'n beursfonds gestig om leerders te ondersteun wat Hoërskool toe gaan.

Stop'it!
Die projek beywer hulle vir die voorkoming van mensehandel deur bewusmaking en doen ook uitreike na slagoffers van mense-handel. Hulle kon toegang kry tot skole en Jeuggroepe by kerke om die kinders weerbaar te maak.

Merweville skoolprojek
Hierdie projek het skoolbenodighede, skryfbehoefte en liefde gegee vir die leerders van die George Fredericks Sekondêre skool in Merweville.

Hoogtepunte van Ontwikkelings-projekte

4-Lines Coaching
Een van ons hoof oogmerke is om deur die bou van verhoudings indidividue en veral afrigters te help en te bemagtig om deur sport 'n verskil in hul gemeenskap te maak. Dit is nodig om verhoudings te bou met sleutelpersone in gemeenskappe. Die bou van hierdie verhoudings is afhanklik van gebed, geduld en neem tyd om gevorm te word. Ons was die afgelope jaar besig om hierdie verhoudings en netwerke verder te bou in die volgende gemeenskappe:

By Macassar Primêre skool (waar Ilse Anthonissen ook betrokke is met o.a.hulp met die netbal) was die projek behulpsaam met die insameling en voorsiening van skoene en toerusting. Daar is uitdagings by Macassar om die sport op dreef te kry, sodat kinders veilig en 'n tuiste op die sportveld kan vind en afrigters bemoedig sal word.

Monteith plaas gemeenskap se rugby en netbalspanne (voortdurende bou van verhoudings en gesprek voering) Sinvolle gesprekke is gevoer en besoeke gebring.

Badisa Koue Bokkeveld sportontwikkelings inisiatief waar die verhouding tussen lede van Oppieberg gemeenskap en 4 Lines in ‘n vroeë stadium is.

Ons is dan ook baie opgewonde oor die Afrigters Forum wat vanjaar maandeliks aangebied word. Die idee is om afrigters te ondersteun en te bemoedig, geleentheid te bied om te deel, en ook relevante onderwerpe te hanteer wat ingelei word deur spesialiste op hul gebied. Met elke ontbyt groei die getalle en die terugvoer wat ontvang word van afrigters is baie positief.

Hemel-op-Aarde-projek

Hemel-op-Aarde het die jaar met 8 klasse in twee skole begin waar ons sowat 600 kinders gehelp het. Ons kon met die hulp van borge en genade uit ons Vader se hand die aantal klasse vermeerder na 13 en die getal kinders tot 846. 150 Van hierdie leerders sou nie die geleentheid tot skoolgereedmaking gehad het nie, maar is nou die wonderlike kans gebied om hul graad RR en graad R jaar voltyds te doen. Die Wes-Kaapse Onderwys Departement het ook hande gevat met ons projek en vergoed nou 6 van die personeellede op die program ten volle. Dit is vir ons ‘n groot getuienis en genade!
Ons kan ook getuig van voorsiening vir ons Graad RR leerders. ‘n Vroue-omgeegroep voorsien daagliks ontbyt, en vir pousetyd voorsien borge hulle van appels en vitamienverrykte muffins. Deur die Vrouetee fondsinsamelingsprojek kon ‘n terapeutiese buite-speelarea vir hierdie mensies begin word. Borge het verder voorsien in fantastiese buitespeelgoed.
Daar het groot vreugde geheers toe die sentrum **lopende water** kry! ‘n Kombuisie vir die personeelkamer, kaste vir leermateriaal, rakke vol biblioteekboeke en die begin van rekenaarklassies vir ons jong leerders is maar net nog enkele hoogtepunte. Ons Vader voorsien in alles!!
Ons is ook dankbaar vir ons personeel en elkeen se getrouheid en liefde vir die kinders. Ons sou nie die pad kon stap sonder hulle en die bestuur wat met passie lei nie!
Soli Deo Gloria

Pêrel Gemeenskapsontwikkelingsprojek

- **Vroeë Kinderjare-ontwikkeling**

Die implementering van die AmazingBrainz Program by 3 van die Kleuterskole waarby die Pêrelprojek betrokke is, is ‘n hoogtepunt. Die Projekspan staan steeds in verwondering dat die Here voorsien het in ons finansiële behoefte om hierdie AzBz progam moontlik te maak vir die volgende 3 jaar. Die Hoop en Versoenings fonds en Energy Partners het hulself bereid verklaar om die Projek te ondersteun.

- **Dissipelmaking**

In 2015 het ons verhoudings met die Faure-gemeenskap gebou. Elke Dinsdag 'n handwerkaktiwiteit vir die kinders/jeug op Faure maak 'n groot verskil asook die Bybelklub op Donderdagmiddag vir graad 1 en 2 kinders.

Naaldwerk

In 2015 is begin met 'n naaldwerkklas. Elke week neem vroue van verskillende plase deel aan hierdie naaldwerkklas. Sedert Februarie 2016 het ook vroue uit Macassar begin deelneem. Die vroue wat naaldwerk doen is baie opgewonde daaroor. Verledejaar het hulle met die hand naaldwerk gedoen en sedert die begin van 2016 leer hulle hoe om met die masjiene te stik. Hulle het nou al verskillende projekte klaar gemaak. Dit is vir ons ook weer die geleentheid om die Evangelie te deel.

Sopkombuis

“n Vrywilliger uit die Faure-gemeenskap kook in die maande van April tot Oktober elke Donderdag 35 liter sop vir die gemeenskap. Pêrel Projek help met die bestandele. Ons sê baie dankie vir almal wat al bestanddele geskenk het of 'n bydrae gelewer het. Vir baie van hierdie mense maak hierdie beker sop weekliks 'n groot verskil. Per jaar word omtrent 3500 bekers sop uitgedeel.

Helderberg Ontwikkelingsentrum

Een van die wonderlikste ervarings is wanneer mens die oud-studente wat by die Sentrum opgelei is, weer ontmoet en dit gaan goed met hulle!

Een van ons dosente het verby ’n huis in die Bo-Kaap gery en daar voor ’n huis in haar HOS-voorskoot is ’n student besig om te werk. Nomaphelo Mkungu het in Maart 2014 die kursus by HOS voltooi. Trots op die Ontwikkelingsentrum en haar werk dra sy elke dag haar

voorskoot.

Phumza Nkuzo, een van ons studente wat die HB 1 kursus in Maart van hierdie jaar voltooi het, het dadelik huis toe gegaan en haar eie groente tuin begin en vir ons ’n foto gestuur.

Sulke stories maak dit verseker die moeite werd om elke dag ons beste by HOS te lewer.

Uyavula lees- en skryfprojek

Hierdie projek is begin om bloot as ‘n na-skoolse leesklub vir kinders met ‘n agterstand in geletterdheid, te dien. Die Here het ons egter op ‘n ander pad gelei; na Soekmekaar- en Krymekaarstraat en Macassar Primêre Skool. Alles is hoogtepunte. So byvoorbeeld dat daar in 2015 in al 19 Grondslagfase klasse se behoefte aan ‘n voorleser voldoen kon word. Hy het die projek geseën met kwaliteit vrywilligers wat weekliks met groot toewyding die kinders “bederf” met heerlike stories en baie liefde. Daar is ander, ook tieners, wat getrou by die leesklub of Saterdagskool ‘n duidelike verskil maak – vrywilligers en ons ondersteuners is Uyavula se rykdom! Die groei in behoeftes en dus ook vrywilligers, het ‘n deeltydse koördineerder in 2015 ‘n werklikheid gemaak.
Baie belangrik is dat ‘n goeie verhouding met die opvoeders gebou is en hulle gee positiewe terugvoer oor die waarde wat die projek vir hulle en die kinders het. Om te voorsien in ‘n groot behoefte, kon ons ook begin om Afrikaanse “readers” vir die beginner- en sukkel-lesers, te skryf en illustreer deur projekspanlede. Ja, ons het die afgelope jaar net weer ervaar dat die Here ‘n wonderlike pad met die Uyavula Lees- en Skryfprojek loop, wat ‘n voorreg!

Phambili

Dié projek dui hulle Seniorburger-projek aan as die hoogtepunt van hulle jaar. Die seniors vergader weekliks waar hulle emosionele-, geestelike- en materiële-ondersteuning ontvang van ’n toegewyde span. Die seniors getuig van die wonderlike ondersteuning wat hierdie diens aan hulle bied.

MIV-Projek

Hoogtepunte die afgelope jaar was o.a. die MIV Paasprojek. Dit was

veral kosbaar dat die kleuters van Die Wingerd Preprimêr, die Junior Kerk by Helderberg en Uyavula maats saam met ons versier het! Gesamentlik is 1370 paaseiers versier met die boodkap van Jesus se liefde en offer vir almal.
Alhoewel die jong kinders nie veel weet van MIV self nie, gaan ons boodskap daaroor dat Jesus se liefde, kruisdood en vergifnis onvoorwaardelik is en niemand, ook nie siek mense, daarvan uitgesluit word nie.
Ons dienste aan en betrokkenheid by Helderberg Hospice, Helderberg Ontwikkelingsentrum, NGK en VGK se Vigstaakgroep en CABSA kon voortgaan en bly moontlik deur die geloofsoffers van gemeentelede en ook die bereidwilligheid van ‘n gemotiveerde en betrokke projekspan.
Ons jaar het met die groot hoogtepunt van Advent Sondag afgesluit. Dit was ook die MIV-projek se spreekbeurt en kersbome by al die ingange van die kerk is met vigsstrikkies versier. Gemeentelede is uitgenooi om hiervan te neem en ook aan hul kersbome te hang. Dit was bemoedigend om te sien dat baie op hierdie uitnodiging gereageer het.

Cence

Die Cence projek is betrokke by vaardigheidsontwikkeling en die vestiging van klein besighede om mense in staat te stel om finansieel onafhanklik te funksioneer en ook sodoende hulle volle potensiaal te bereik.

EVANGELISASIE
Hoogtepunte van die Evangelisasie projekte

Kinderevangelisasie

“Julle, daarenteen, is ‘n uitverkore volk, ‘n koninklike priesterdom, ‘n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na Sy wonderbare lig.” (1 Pet 2:9)
Wat ‘n kosbare voorreg was dit nie om die afgelope jaar in ons Bybelklubs tree vir tree sáám met die kinders te ontdek dat God se plan met Abraham, Isak, Jakob, Josef, Dawid en Jesus as die verwagte Messias ook elkeen van ons raak en déél maak van Sý volk. Die entoesiastiese, ontvanklike gesiggies wat blink-oog Woord-waarhede ínneem, honger vir nog meer….

Ons dank die Here vir elke oop deur in die skole waar ons kan werk: Raithby, Mondeor, Beaumont, en ook nou 7 meer klasse in Sir Lowry's Pas. Die kleuterskole waar ons Bybelklubs kan hê is Garden Village, Playway, Brakenjan, Babbbel en Krabbel, Rooha naskoolsentrum, Eikendal, Umnqhophiso en 6 skooltjies in Sir Lowry's Pas. Ook in woonbuurte by Lanrust, Chris Nissen Park, Lorenziopark, Sir Lowry's Pass en Beverly Hills in die Strand.

Ons 3 kampe deur die jaar was spesiale geleenthede vir verhoudingbou en ons kon die kinders sterk uitdaag om die regte keuses te maak t.o.v om so te lewe dat hul lewens wys dat hul 'n kind van God is, die regte keuse in verhoudings te maak, ens. Hoe wonderlik was dit om die kinders met oortuiging te hoor sing: "Ek en my huis, ons sal die Here dien!"

Annalise Wiid

'n Jaarlikse hoogtepunt in my bediening is die Retreat wat ek vir die lesers van die tydskrif Lééf aanbied. Ek doen dit al vir die afgelope 7 jaar. Gewoonlik by St Augustine buite Ladybrand. Mense van regoor die land woon dit by. Mans en vroue. Party van hulle kom elke jaar. Dit is ook vir hulle 'n geestelike hoogtepunt op hulle jaar-kalender. Ek werk elke jaar 'n nuwe tema uit en bied 5 sessies aan deur die loop van die naweek. Later in die jaar kan ek weer die inhoud by ander gemeentekampe ook aanbied. 2015 se tema was: Die Lewe Is 'n Laslap-Lovesong – met die kapstok-vraag: Hoe Lief Kan Jy Hê? Ons het gefokus op die verhaal van Samuel, Hanna en Eli.

'n Ander besondere hoogtepunt was om te sing by die KGA se Waarderingstee vir emeriti sendelinge. Om daardie geloofs-pioniers te eer vir hulle dapperte en deursettingsvermoë; en namens derduisende mense vir hulle dankie te sê dat hulle die Evangelie geléél het, het my diep ontroer!
En die profiel-artikels wat ek vir Kerkbode geskryf het oor Gordonsbaai se Bergiekerk; Robertson se Kinderhuis; 'n gerehabiliteerde bendelid; die genesing van 'n kanker-kindjie en ons eie Heldeberg se kombersie projek móét as hoogtepunte vermeld word.
Met GROOT dankbaarheid,
Annalise

KidsXpress

Dit is altyd vir ons ‘n groot vreugde wanneer gemeentes, skole en organisasies wat uitreik na kinders in verskeie gemeenskappe aan die begin van die jaar materiaal by ons bestel. Dit is vir ons regtig ‘n groot voorreg en vreugde om te sien in hoeveel denominasies en in hoeveel gemeenskappe, bevoorreg en minderbevoorreg, die materiaal gebruik word om Christus se hoop na kinders uit te dra.

Ons wil graag meer kinders in die Xhosa-gemeenskap bedien met lesmateriaal. Op die oomblik, waar ons materiaal wel in die Xhosa-gemeenskap gebruik word, word die Engelse materiaal gebruik. Ons is in die proses om een van ons kleuter-lesreekse na Xhosa te vertaal met die titel, Imilala echaza ibali (The Colours tell a story). Sodra die gedrukte lesmateriaal in ons kantoor is het ons na 11 jaar ’n besliste deurbraak gemaak na ’n derde taal in ons land.

‘n Groot mylpaal en hoogtepunt was die opneem van kinderliedjies in Xhosa wat saam met die Xhosa-kleuterreeks, Imilala echaza ibali uitgegee gaan word.

Ek deel ook graag die terugvoer as getuienis van die kleuterskool personeel by Umnqophiso Pre-primary in Lwandle. Hierdie terugvoer dien ook as voorwoord vir die nuwe Kleuterreeks in Xhosa, Imilala echaza ibali.
We are very excited about the book because it makes everything clear and understandable. Through this book our children have grown in knowing God and how the Bible teaches us how to live our lives. They learnt about how special they are to God and how to talk to God. Adults who do not understand English can now teach Xhosa speaking learners at school, in our churches and in groups in our communities about the importance of the Word of God.
Teachers at Umniqophiso Pre-Primary, Lwandle, Strand

PROJEKTE IN DIE BUITELAND

Hoogtepunte van die projekte buite ons landsgrense.

Mosambiek Geletterdheid

In 2015 kon `n meer definitiewe evangeliasie program in die 4

bosskole geimplementeer word. Die onderwysers was opgelei deur middel van demonstrasie lesse by die skole. Tydens die lesse het die onderwysers eie inisiatief geneem en ook gehelp om die materiaal aan die kinders te verduidelik. Die kinders en die onderwysers het dit baie geniet.
Ons het die voorreg gehad om 644 kinders te bereik, 44 meer kinders as wat ons mikpunt was. In die begin van 2016 kon `n nuwe skool (Runje bosskool) oopgemaak word met 400 kinders. Die leerlingtal in die vier skole staan tans op 848 leerders.

Ons wil graag maniere vind hoe Mosambiekers hul eie onderwyers kan onderhou. Een van die maniere wat in 2015 aangepak was, was om mielies te koop en te verkoop. Na `n jaar van baie harde werk en slapelose nagte kon genoeg geld verdien word om een onderwyser se toelaag vir `n jaar te betaal.

Mosambiek Landbou

Die projekspan is dankbaar om verslag te doen dat die DECA-plaas nou finansieel onafhanklik kan funksioneer ten opsigte van lopende bedryfsuitgawes. Slegs kapitaaluitgawes sal nog ondersteun word. Die projek loop so suksesvol dat die projekspan dit oorweeg om nog grond in ’n ander area te bekom om ’n duplikaat DECA-plaas te vestig sodat meer mense opgelei kan word om selfstandig te boer sodat hulle selfonderhudend kan wees en voedselsekerheid kan ervaar.

Bulgarye

‘n Paar jaar gelede ontmoet ons Maria (toe 13) by ‘n somerkamp. Sy was nie deel van die kamp nie, maar deel van ‘n groepie weeskinders wat daar opgedaag het op ‘n uitstappie. Mooi ogies, skaam en verwaarloos. Hul vra of hul die programme die dag kan bywoon. Vir die eerste keer hoor hulle van Jesus. Van hulle het gevra hoekom het niemand ons ooit vertel nie. Vir die volgende paar jaar was die groepie ingesluit by die jaarlikse somerkampe. Ons kon hul besoek by die kinderhuis waar hul was in Sofia. Maria is skaam, terugge-trokke maar dierbaar. Sy neem Jesus aan as haar verlosser. Sy word 18 en moet die kinderhuis verlaat. Ons reël met ‘n Stigting wat kinders help wat kinderhuise moet verlaat, om haar op te neem. Mettertyd verloor ons kontak. Ons wonder wat van Maria geword het. Verlede jaar in Desember ontmoet ons weer vir Maria by die

International Women's Club Christmas Bazaar. Pragtige jong meisie (23). Sy is nog lief vir Jesus en werk nou by 'n NGO wat kinders help. Dankie Jesus dat U die werk wat U in Haar begin het voortsit. Ons is maar net saaiers, weet nooit watter saadjies ontkiem en groei nie.

Mosambiek Medies

Die projek is steeds besig om goeie verhoudings met die plaaslike leiers en Hopsitaal uit te bou. Die kliniekdienste en voedingsprogram gaan susksesvol voort. Christus se liefde word deur mediese sorg na die mense van Mosambiek gedra. Lewens word gered en mense se fisieke, emosionele en hongerpyne word gestil.

Indië Chris Miles

Hoogtepunte vir die jaar is die toenemende hoeveelheid pastore wat opdaag vir opleiding, die toename in versoeke vir opleidingsgeleent-hede en die positiewe terugvoering van gemeentes wat groei as gevolg van dissipelmaking. Daar het ook 'n versoek gekom om ook 'n Dissipelmakings-kursus net vir vroue te begin.

Indië 22°Noord-projek het 'n suksesvolle en geseënde Korttermynuitreik onderneem, vriendskappe versterk met die Varanasi Care Centre in Varanasi waar die stasiekinders voeding, opvoeding, liefde en die Evangelie van Jesus ontvang. Hulle het Jungle Gym wat die span twee jaar gelede gebou het, geverf en instand gehou het. Die span het ook uitgereik na Nepal, waar hulle vriendskapsbande gesmee het met Sahodar Nepal wat as platform kon dien vir hulpverlening na die aardbewing in April 2015.

Internasionale Studente

Hoogtepunte is dat meer leiers ontwikkel kon word in internasionale gemeente en meer is gemaak van leiersontwikkeling. Leierskorps is van Ghana, Kameroen, Oostenryk, Malawi, Roemenie en Uganda. Goeie inskakeling van Philipp Ragette uit Oostenryk met internskap in bediening. 'n Retraite met leiers van gemeente is aangebied in Januarie 2016 en Ds Attie van Wijk van Bybel-Media het uit Nehemia gedeel oor leierskap.
Meer studente skakel in by weeklikse Bybelstudie wat fokus op

dissipelskap.
Groei in groep om huwelik te verstewig deur maandelikse byeenkoms vir egpare
Ondersteuningsgroep vir vroue van studente maak ‘n groot impak in se lewens. Die vrou van die Rektor van Stellenbosch het groep besoek en groot waardering uitgespreek.

- Goeie kontak met dosente en studente uit geslote lande soos Algerie, China, Indie, Iran, Marokko, Libie is gemaak en geleenthede om Bybels of Jesus DVD in hul taal te gee as geskenk.
- Meer studente van Libië en Saudi Arabie is op kampus en besig met Engelse taalstudies. God het ‘n nuwe deur na hulle geopen.
- Aimable van Rwanda is in belangrike leiersrol aangestel na sy voltooing van sy meestersgraad in Ingenieurswese. Hy was aktief deel van gemeente en deur dissipelskap is in sy lewe ingebou.

Vele getuienisse van studente en dosente bevestig wat dié bediening vir hulle beteken.

Helderberg Uitreik het mense soos volg met Jesus se liefde bedien:

	Kinders 0-18	Volwassens	Totaal
Evangelisasie	41193	11 336	52 529
Dissipelmaking	6226	10 352	16 578
Dissipelmaking deur Media	22 534		22 534
Ontwikkeling	6230	4457	10 687
Armoede-verligting	7460	5954	13414
Pastorale sorg/Berading	1004	3015	4019
Mediese sorg	2725	3157	5882
Ander	520	1571	2091
Totale getal mense bedien	**87 892**	**39 842**	**127 734**
Totaal vrywilligers betrokke	1525	3417	4942

Projekte en Projekleiers 2015/2016

Projek	Projekleier	e-pos	Tel
Armoedeverligting			
Agapé Medies	Junita Kruger	junita@deckingsolutions.co.za	083 650 3291
Omgee Bokse	Carli Pretorius (Marinda Koch)	kochmarinda@gmail.com	083 4621515
Bybelverspreiding		Vakant	
Dienssentrum	Kobie Groenewald	dienssentrum@nghelder.co.za	021 851 5582
Haweloses	Arnold Prosch	info@Cara-Camp.co.za	021 852 8215
Proj v Gestremdes	Arnold Swart	SwartPA@eskom.co.za	083 675 6079
Seniorsorg	Ina van Niekerk	vnpj@vodamail.co.za	082 578 9893
Sir Lowry's Pass	Hennie Groenewald	hennie@biosafety.org.za	
Stop'it!	Isabel Vroon	bella.vroon@gmail.com	072 3746776
Merweville Skoolprojek	Zannelle van Zyl	zanellevanzyl@gmail.com lizannevanzyl@telkomsa.net	061 4802386 082 899 6249
Kanga&Roo	Tania Schultz	tania@kidsxpress.org	021 8528645
Ontwikkeling			
Hemel-op-Aarde	Ben Cronje	ben@medca.co.za	082 446 5928
Pêrel Gem Ontw	Deon v/d Vyver	dlvdvyver@mweb.co.za	082 5514783
Ontwikkelingsentrum	Elby Meyer	info@helderbergdevelopmentcentre.co.za	021 8525721
Uyavula	Hannetjie Loots	wmpenn@iafrica.com	082 577 3891
Phambili	Giel Smit	giliam@mweb.co.za	082 4588791
MIV/VIGS	Aneleh Fourie-Le Roux	training@cabsa.org.za	083 292 5358
Cence	Jansie Moolman	jmoolman@moonstoneinfo.com	082 466 6997
4-lines	Ilse Anthonissen	ilse@intekom.co.za	072 785 4735

Volwasse geletterdheid	Linda van Zyl	LVSchalk@sun.ac.za	083 2736789
Evangelisasie			
Kinderevangeli-sasie	Sus van Niekerk	susvann@gmail.com	021 851 6866
Annalise Wiid	Burgert le Roux	burgertleroux@gmail.com	
KidsXpress	Charlene Nieuwoudt	charlene.nieuwoudt@telkomsa.net	083 666 1480
Kairos Gevangenisbediening	Deon van Zyl	deon.vanzyl@emc.com	082 9039781
Buitelands			
Bulgarye	Junita Kruger	junita@deckingsolutions.co.za	083 650 3291
Indië – Chris Miles	Sippe Heerenga	marleneheeringa@gmail.com	0824248019
Indië - 22˚ Noord	Leone Malan	malandesigns@telkomsa.net	082 854 6013
Internas Studente	Hans Krijt	hans@tlabs.ac.za	082 333 8008
Mosambiek			
Mosambiek Evan	Willem Wessels	huiswaveren@gmail.com	082 554 3057
Mosambiek Landbou	Deon v/d Vyver	dlvdvyver@mweb.co.za	082 5514783
Mosambiek Med	Pieter Spies	pvspies@gmail.com	084 517 7433
Mosambiek Gelett	Bertus v Schalkwyk	vanschalkwykbertus@gmail.com	082 779 5244
Mos Rentmeester	Inus Muller	inusmuller@absamail.co.za	082 825 9001

Helderberg Uitreik NPO 032-078

Inkomstestaat vir die Jaar geeindig 29 Februarie 2016

Inkomste	2016	2015
Geloofoffers	1,955,546.67	2,302,277.55
Fondsinsamelings	483,078.37	757,390.77
Eksterne bydraes	1,961,766.85	1,820,136.80
Mergon Foundation	792,000.00	864,000.00
Totale Inkomste	5,192,391.89	5,743,805.12
Totale Uitgawe	**4,781,416.03**	**5,672,026.49**

Bo en behalwe hierdie inkomste, dra Helderberg Gemeente die volle koste van die Uitreikbestuurder en Uitreikleraar se vergoeding en sommige bedieningsuitgawes. Die gemeente bied ook die infrastruktuur en ondersteuningsdienste sonder koste vir Helderberg Uitreik.

Projekte wat die afgelope jaar ondersteuning ontvang het uit die **Waar behoefte Bestaanfonds** is soos volg:

Annalise Wiid
Bybelverspreiding
Bulgarye
Dienssentrum

Hemel op Aarde
Mosambiek Geletterdheid
Phambili
Seniorsorg
Stop'it!
Omgeebokse
Mosambiek Medies
Perel Projek
Sri Lanka
Uyavula

Die volgende projekte is die afgelope jaar uit **Mergon Foundation** ondersteun:

Indië Chris Miles
Helderberg Ontwikkelingsentrum
Kinderevangelisasie
Mosambiek Geletterdheid
Phambili
Internasionale Studente
KidsXpress
Mosambiek Evangelisasie
Mosambiek Medies
Pêrel Dissipelmaking

Ons sê dankie aan:

- Die Uitreikbestuur vir hulle wysheid, kundigheid onderskeidings- vermoë en toewyding.
- Elke projekleier en projekspanlid vir hulle toewyding, passie en inspirasie.
- Elke personeellid van Helderberg Uitreik wat vêr verby hulle opdrag en taak gaan om die Koninkryk te dien.
- Helderberg Gemeente, die Kerkraad, en personeel vir infrastruktuur en ondersteuningsdienste.
- Ons donateurs, vennote en geloofofferondersteuners.
- Elke gemeentelid en Uitreikvriend wat betrokke is met gebed, kundigheid, kennis en bronne wat tot ons beskikking gestel is.
- Die **Mergon Foundation**, ons vennoot in Koninkryk-uitbreiding.
- **Frans Dreyer Liefdadigheids Trust** vir finansiële ondersteuning van 4 projekte.
- Marianneke Kilian van Germishuys Zandstra Inc. CA(SA) vir ouditeursdienste.

Alle dank en eer aan die Drie-enige God